Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 29 NOVEMBER 2012 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M A (DA)
Rust, N J A (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Munisipale Bestuurder wat ingevolge artikels 29(2) en 36(3) van die Strukturewet, 1998 as voorsitter optree totdat die verkiesing van die Speaker afgehandel is, versoek Pastoor H Sedeman van die Ketzemine Sendingkerk, Abbotsdale om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

1.1 VERKIESING VAN SPEAKER EN OORHANDIGING VAN DIE VOORSITTERSTOEL (3/1/1)

Die Munisipale Bestuurder gee geleentheid om nominasies vir die amp as Speaker in te dien. Slegs een kandidaat, synde rdh N J A Rust word genomineer en bevestig die Munisipale Bestuurder dat die nominasie volledig voltooi is op die voorgeskrewe vorm vir hierdie doel.

Rdh N J A Rust word hierna deur die Munisipale Bestuurder as verkose verklaar as Speaker van Munisipaliteit Swartland, waarna hy die voorsitterstoel inneem.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl N S Zatu.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende September tot Desember verjaar.

3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Die Uitvoerende Burgemeester dra sy gelukwense oor aan die nuutverkose Speaker, en noem dat rdh N J A Rust die amp sal vervul sonder enige ekstra vergoeding tot en met einde Junie 2013, ten einde by te dra tot die besparings wat die Munisipale Raad wil bewerkstellig.

Rdh T van Essen meld verder die afgelope prestasies van Swartland Munisipaliteit en bedank die bestuurspan en personeel vir uitmuntende dienslewering, naamlik:

(1) 'n totale gemiddelde verbetering van 2.8 na 4.2 punte is onlangs tydens die *LED Maturity Assessment* getoon;
(2) 'n derde plek in die Groenste-munisipaliteit kompetisie is onlangs verwerf;
(3) 'n skoon oudit is vir die tweede agtereenvolgende jaar, tesame met die Weskus Distriksmunisipaliteit verkry.

Rdh Van Essen noem ook dat die 9de Sondeza Afri-Jeugkamp offisieel om 19:00 eerskomende Vrydag geopen word, en bedank personeel wat by hierdie belangrike inisiatief betrokke is om die jeug op te lei en te bemagtig.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die Speaker, rdh N J A Rust die amp sal beklee sonder enige addisionele vergoeding vir die periode tot 30 Junie 2013.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 30 AUGUSTUS 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou 30 Augustus 2012 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 15 AUGUSTUS 2012
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2012

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 12 SEPTEMBER 2012
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 5 SEPTEMBER 2012

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 10 OKTOBER 2012
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 3 OKTOBER 2012

5.4 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 15 OKTOBER 2012

5.5 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 OKTOBER 2012

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die tendertoekenningskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 AUGUSTUS 2012

6.2 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 28 AUGUSTUS 2012

6.3 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 SEPTEMBER 2012

6.4 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 OKTOBER 2012

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 VESTIGING VAN MUNISIPALE PUBLIEKE REKENINGE-KOMITEES (MPAC's) IN SWARTLAND (3/2)

Die vestiging van Munisipale Publieke Rekeninge-komitees (MPAC's) is op 24 November 2011 oorweeg en was die mening dat die Raad voldoende oorsig uitoefen oor sy uitvoerende verpligtinge in geheel.

Die aangeleentheid is aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 10 Oktober 2012 voorgelê vir 'n aanbeveling aan die Raad, aangesien al hoe meer druk vanaf Nasionale en Provinsiale regering ontvang word om MPAC's in te stel.

In die item tot die sakelys word volledig verslag gedoen aangaande die doel, samestelling en funksies van MPAC's.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl Z M Abrahams)

(a) Dat daar kennis geneem word van die versoeke vanaf Nasionale en Provinsiale Regerings om MPAC's in te stel, met inbegrip daarvan dat daar erkenning is dat die riglyne nie afdwingbaar is nie;

(b) Dat, met verwysing na paragraaf (c) van die Raadsbesluit van 24 November 2011, die besluit om nie MPAC's in te stel nie, nou aldus heroorweeg word;

(c) Dat die lede van die Administrasie- en Finansieskomitee, (bestaande uit 13 lede), uitgesluit die ampsdraers (Uitvoerende Burgemeester en Onderburgemeester) en Uitvoerende-komiteelede, synde rdle M Van Zyl, W Wilskut en C H H Hunsinger (vyf lede) die MPAC rol sal vervul;

(d) Dat die MPAC verantwoordelik sal wees vir die volgende funksies:

(i) om die Jaarverslag te oorweeg en te evalueer en om aanbevelings aan die Raad te maak wanneer die Oorsigverslag op die Jaarverslag voorgelê word;
(ii) om die maandelike begrotingstate (artikel 71) en halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie (artikel 72) te evalueer;

(iii) om die finansiële state en ouditverslag te ondersoek, met die oog op die oorweging van verbeteringe op die vorige state en verslae, asook om te bepaal in watter mate die aanbevelings van die Ouditkomitee en Ouditeur-Generaal geïmplementeer is.

(e) Dat rdh N J A Rust as die Voorsitter van die komitee aangewys word;

(f) Dat daar verder kennis geneem word dat weens die samestelling van die lede van die drie Portefeuljekomitees, welke komitees elk uit 13 lede bestaan, en die begerigheid met die instel van die komitees om verteenwoordiging en deelname te optimaliseer, daar nie Raadslede is wat nie op enige van die ander Raadskomitees dien nie;

(g) Dat vir praktiese doeleindes die MPAC sal sit/vergader direk na afloop van die Administrasie- en Finansieskomitee, soos van tyd tot tyd bepaal;

(h) Dat die volgende staande (vaste) vergadertye van die MPAC op die jaarskedule aangetoon word:

- saam met die Maart 2013 (en jaarliks daarna) Portefeuljekomiteevergadering om die Jaarverslag en kommentaar daarop in ‘n Oorsigverslag aan die Raad aan te beveel (funksie voorheen vervul deur Oorsigkomitee);

- Januarie 2013 (en jaarliks daarna) tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raadsvergadering, vir die oorweging van die halfjaarlikse verslag en Aansuiweringsbegroting (funksie voorheen vervul deur Begrotingsbeheerkomitee);

- Maart en Mei 2013 (en jaarliks daarna) tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raadsvergadering om die konsep Begroting te evalueer voor voorlegging aan die Raad (funksie voorheen vervul deur die Begrotingsbeheerkomitee);

(i) Dat die Minister van Plaaslike Regering (Wes-Kaap), Nasionale Tesourie, Provinsiale Tesourie en die Ouditeur-Generaal in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit op versoek ‘n MPAC ingestel het om die oorsigfunksies, wat voorheen deur die Begrotingsbeheer- en Oorsigkomitee behartig is, te vervul.

8.2 WYSIGING VAN VERTEENWOORDIGING DEUR RAADSLEDE OP INTERNE EN EKSTERNE KOMITEES (3/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester lê die lys van verteenwoordiging deur raadslede op interne en eksterne komitees voor en meld dat die lys weereens hersien sal moet word, noudat die Speaker aangewys is.

Rdh T van Essen noem verder dat die voorsitters van artikel 79 komitees ingevolge die Strukturewet heroorweeg sal word, as gevolg van wysigings aan vergoedingstrukture van raadslede waar voorsitter van artikel 79 komitees as voltydse raadslede geag sal word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die Raad goedkeuring verleen dat die wysigings soos gesikuleer met die sakelys ten opsigte van die verteenwoordiging deur raadslede op interne en eksterne komitees aangebring word.

8.3 EIENDOMSBELASTINGKORTING T.O.V. 2013/2014 FINANSIËLE JAAR (5/3/1)

Die belastingkorting vir pensioenarisse vir die 2013/2014 finansiële jaar word in terme van Artikel 15 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004, (Nr. 6 van 2004) voorgelê vir oorweging.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat ‘n bedrag gelykstaande aan 40% belastingkorting ten opsigte van die 2013/2014 finansiële jaar goedgekeur word ten aansien van pensionarisse in die Swartland munisipale gebied wat vir sodanige korting ingevolge die toepaslike wetgewing, sowel as die riglyne soos voorgehou in die verslag kwalifiseer.

8.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 1094, MALMESBURY (12/2/R)

[Rdh M S I Goliath en rdl R F van der Westhuizen verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking, weens hul betrokkenheid op die bestuurskomitee van die *Jo-Dolphin Special Care Centre*.]

Erf 1094 (groot 2668m²) word sedert 1 April 2010 aan die *Jo-Dolphin Special Care Centre* (nou bekend as die *Jo-Dolphin Swartland Association for Persons with Disabilities – JDSAPD*) verhuur vir die oprigting van ‘n dagsorgsentrum vir gestermde kinders, beskutte werkswinkel en later ook ‘n groepshuisskema.

‘n Aansoek is ontvang vanaf die organisasie om die huurooreenkoms te kanselleer en die grond teen ‘n gesubsidieerde koopprys by die Raad aan te koop. Dit is nodig om eienaarskap van die grond te bekom, ten einde finansiering vir die oprigting van geboue te bekom.

BESLUIT

(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat erf 1094, Malmesbury (groot 2268 m²) uit-die-hand-uit vervreem word aan *Jo-Dolphin* vir uitsluitlike aanwending en verbetering van die grond as ‘n sentrum vir gestremde persone;

(b) Dat die grond vervreem word teen 10% (plus BTW) van die markwaarde gebaseer op die waardasie van die grond, synde R533 500,00;

(c) Dat die grond oorgedra word onderhewig daaraan dat ‘n terugvalklousule teen die titelakte van die eiendom geregistreer word, wat bepaal dat die grond aan die Raad sal terugval indien –

(i) die koper binne twee jaar na datum van oordrag nie bewys kan toon dat finansiering bekom is om die beoogde verbeterings op die eiendom aan te bring nie; of
(ii) die grond in enige stadium in die toekoms nie aangewend sou word vir die doeleindes soos gemeld in paragraaf (a) nie;

(d) Dat *Jo-Dolphin* verantwoordelik sal wees vir alle kostes in verband met advertering en oordrag van die eiendom;

(e) Dat die vervreemding van die grond in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar.

8.5 JUNIOR STADSRAAD: VERSLAGDOENING INSAKE AKTIWITEITE (3/6)

Met die verslag tot die sakelys word daar volledig verslag gedoen aangaande die aktiwiteite van die Junior Stadsraad gedurende 2012.

BESLUIT

Dat die Raad kennis neem van –

(a) die projekte van die Junior Stadsraad vir 2012;
(b) die skorsing van 2 lede wie vervang sal word in Februarie 2013;
(c) die notules van Junior Stadsraadvergaderings gehou op 14 Mei, 23 Julie, 20 Augustus, 17 September, 15 Oktober en 5 November 2012.

8.6 2013 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Die vergaderingskedule wat die datums van die onderskeie komitees van die Raad vir 2013 aandui, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2013 aanvaar word;

(b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op ‘n halfjaarlikse basis;

(c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes.

GETEKEN:
SPEAKER